

DONDERDAG 9 APRIL

SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: 2 KONINGS 4:42-44 (NAV)

Elisa – Neem God op sy woord

Glo jy onvoorwaardelik wat die Here vir jou sê, of besluit jy somtyds self wat geloofwaardig is of nie? Jy gehoorsaam sekere opdragte, maar ander laat jy na, omdat jy nie seker is dat God sy woord gestand sal doen nie. So byvoorbeeld kry jy swaar om Jesus se opdrag in Matteus 6:25 uit te voer, naamlik: *Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie.* Of die opdrag: *Wie karig saai, sal karig oes, en wie volop saai, sal volop oes* (2 Kor 9:6).

Die verskynsel is niks nuuts nie. Dit is eg menslik. Jesus se dissipels het dieselfde probleem gehad, en ook in Elisa (my God is redding), se tyd was dit nie vreemd nie.

'n Man uit Baäl-Salisa (gebied wes van Gilgal) het uit die eerste opbrengs van sy oes 20 garsbrode en koringare (moontlik gerooster) aan Elisa gestuur. Elisa het opdrag gegee dat die geskenk aan die mense (profete en hulle familieledes wat daar saamgewoon het) gegee moes word. Elisa se slaaf het onmiddellik beswaar gemaak. In die oorspronklike staan: *Hoe sit ek hierdie bietjie vir so baie voor?* Sy gesonde verstand het vir hom gesê dat dit nie moontlik is nie. Die kos is totaal te min. Elisa het voet by stuk gehou, want die Here het vir hom gesê: *Hulle sal eet en nog oorhou.* Die resultaat: almal het genoeg gehad om te eet, en tot hulle verbasing het daar nog oorgebly.

In die Nuwe Testament lees ons van twee wonderwerke, waar Christus ook die kos vermeerder het en groot skares gevoed het. Hy leer daarmee dat Hyself die brood van die lewe is.

Neem God op sy woord, glo en vertrou Hom, en jy sal verbaas staan oor hoe God sy beloftes gestand doen.

Sing: Skrifberyming 17-4:1-6

Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)